# GrietGriet

April 2011
Volume 8

e-pos: magrietjie@up.ac.za
web: www.up.ac.za/magrietjie




**Die volgende *GrietGriet* verskyn in Julie 2011.**
*GrietGriet is also available in English – please let us know if you prefer to receive an English copy.*



**Van links na regs: Roxane, Eileen & Madeleen**



**Madeleen Wienand (née Winter) in 1990**

## OUD MAGRIETJIES ONTMOET DIE NUWE SPIKKELS!



Na aanleiding van ons November 2010 nuusbrief, het een van ons mees lojale oud Magrietjies, Madeleen Wienand (née Winter), 'n e-pos gestuur waarin sy vra: *"Wat van 'n uitnodiging om die nuwe eerstejaars te ontmoet?"* Om 'n lang storie kort te maak - ons het presies net dit gedoen en Madeleen uitgenooi om te deel in 'n motivering-sessie geskeduleer vir ons nuwe Spikkels tydens hul Oriënteringsprogram. Madeleen se passie vir Magrietjie het afgevryf op ander oud Magrietjies (almal Spikkels van 1987) en uiteindelik het Madeleen, Roxane Ferreira (née Keeve) en Eileen Blignaut (née Wiechers) ons 2011 Spikkels besoek. (Ook dankie aan Valdy Brinkman-Schipper en Chantal Verster wat agter die skerms gehelp het).

Tydens hul motiveringsessie, het hulle stories van lank gelede vertel, onder andere dat daar in daardie dae nie selfone bestaan het nie. Hulle het nog briewe geskryf of moes tou staan om die betaalfone op die verskillende vloere te gebruik. Die Spikkels van 2011 was redelik verbaas want deesdae gebruik almal "blackberries" en stuur boodskappe binne sekondes.

Die 3 dames se besoek het 'n baie spesiale verrassing vir al die Spikkels in die vorm van kolwyntjies-met-MaerGrietjie-versiersuiker, ingehou. Die kolwyntjies het nie net pragtig gelyk nie, maar ook hemels geproe. Elke HK-lid is ook bederf met 'n ruiker van pienk rose, sowel as aarbeie en sjampanje by 'n aparte bymekaarkoms na hul inspirerende sessie. Hier het die HK hulle idees met die oud Magrietjies gedeel en in ruil waardevolle insette van hierdie wyse dames ontvang. Die Spikkels het ook hard probeer om die oud Magrietjies te beïndruk deur een van die liedjies van hulle lenkmelodienk op te voer, die huislied te sing en ook te wys hoe daar gehuppel word. En of dit nie genoeg was nie, het die nuwe Spikkels selfs die "ou tannies" laat 'knikkel en skitter' (sien foto hierbo).

Madeleen het die volgende e-pos na hul besoek aan Magrietjie gestuur (vertaalde weergawe): "Liewe Mags. Dankie vir die geleentheid om hierdie aand met julle te kon deel. Die aand het my geïnspireer gelaat met die volle wete dat ons almal die voorreg gehad het om deel van Magrietjie te kon wees, regtig deel van iets baie groter as onsself. Dankie dat julle ons tradisies met soveel entoesiasme eer en 'n gevoel van trots aan die nuwe eerstejaars oordra. Julle is 'n ongelooflike span met baie potensiaal en ek sien in afwagting daarna uit om van al julle ongelooflike prestasies in elke nuusbrief te lees. As ek julle van hulp kan wees, moenie huiwer om met my te kontak te maak nie."

*Red: Madeleen, ons kan eerlik sê dat julle bereidwilligheid om 'n verskil in Magrietjie te maak ons skoon nederig laat voel! Dankie!*

## IENKMELODIENK

Na slegs een week van Spikkelwees, het ons nuwe eerstejaars in 'n sang- en danskompetisie, Ienkmelodienk, deelgeneem. Beslis een van die beste tye vir die Spikkels. Hierdie jaar was die tema, wag vir dit... "Candy Land"! - alle dinge soet net soos ons Spikkels. Na baie ure van oefen het die Spikkels hul dansvaardighede aan die res van Tuks in die Amfiteater gewys. Ons is baie trots op ons Spikkels en hulle het die Magrietjie-naam gestand gedoen. Wel gedaan Spikkels!



**Ienkmelodienk 2011**

## DRASTOELWENNERS…ALWEER

Op 8 Februarie 2011 het die drastoelkompetisie plaasgevind. Ten spyte van die hittegolf het die dames die kans benut en die Drastoelbeker vir 2011 ingepalm! Dit wys net dat die 5 uur vroegoggend oefeninge die moeite werd was! Toe die dames geklee in hul spesiale pienk T-hemde oor die eindstreep hardloop, het die adrenalien deur ons liggame met opwinding gepomp. Ons wil graag die dames gelukwens met die behoud van die Drastoelbeker - dit hoort ook so. Ook dankie aan Portia Mmenu, Sport HK, vir haar harde werk en toewyding.



**Drastoel 2011**

Hier is 'n foto van een van die drastoelspanne in die 1990 Magrietjie drastoel. Dit wys maar net dat Magrietjie nog altyd hou van wen en probeer ons vandag nog om die oorwinnings voort te sit.



**Drastoel 1990**

## JOOL-OP-'N-SKIP

So het ons uiteindelik 'mannekrag' nodig gehad, en saam met die beste daghuis, Vividus Mans, gespan vir 'n onvergeetlike Joolweek. Hierdie kombinasie het geboorte gegee aan ons Joolnaam, naamlik MAGSIDUS. Hierdie jaar was die tema vir Joolvlotte "Memorable Moments in time". Ons vlot het gefokus op die aankoms van Jan van Riebeeck in Suid-Afrika in 1652. Op die vlot is Oom Jan uitgebeeld op 'n wiegende skip (dit het regtig gelyk of die skip op water was). Gegewe die beperkte tyd vir vlotbou, was die eindresultaat pragtig en wil ons graag die Joolspan (Frances, Stefanie en die Joolkomitee) gelukwens met hul harde en uitstekende werk. Almal het pret gehad, veral aangesien die Vividus-manne ons gemotiveerd gehou het!



## IENKATLETIEK & GEESBEKER

Ienkatletiek is een van die grootste geleenthede op die 1ste jaar kalender, met al die atlete wat hul talente op die atletiekbaan wys. Die Spikkels het meegeding in items soos naellope, hoog- en verspring en natuurlik die beste deel van alles, die sing. Ons het weer die Geesbeker met trots verower en dit alles te danke aan die Spikkelondersteuners wat hulle harte uitgesing het. Die Spikkelondersteuners was die hele aand vol energie ten spyte daarvan dat die aand na hul besige Oriënteringsweek plaasgevind het. Oor die algemeen het die atlete goed gevaar en is ons veral trots op ons Spikkels, maar ook die HK-aflosspan met hul 1ste plek.



**Spikkel-ondersteuners**



**HK-aflosspan**

## Het jy geweet?

**2012 is Magrietjie se Feesjaar! Jippieeee! Ja, ons vier ons 30ste verjaarsdag! Maak asb gereed om te deel in die pret. Ten einde 'n suksesvolle Feesjaar te verseker, moet ons al die oud Magrietjies opspoor. Laat weet asseblief as jul enige oud Magrietjies ken. Vra hul om hul kontakbesonderhede op ons webblad te voltooi. Gaan na www.up.ac.za/magrietjie en klik op Alumni OF stuur net 'n e-pos. Dankie aan Madeleen Wienand wat gehelp het met die opspoor van meer as 30 oud MAGRIETJIES - almal nou deel van ons databasis!**

## In Memorium



**Carla Fragoso (foto bo), Magrietjie in 2007-2009 het tydens hul vakansie in Mosambiek in Desember 2010 siek geword. Sy is in die hospitaal opgeneem met hul terugkoms in Pretoria in Januarie 2011. Sy is 'n paar dae later breindood verklaar. Ons sal Carla altyd onthou as 'n gawe en liefdevolle Magrietjie met 'n groot hart en warm glimlag. Sy was die topstudent in haar honneursklas van 2010 in BCom Kommunikasiebestuur. Ons gebede is met haar man (Karim Amade) en haar familie.**

### In die volgende *GrietGriet*

- **Serrie resultate**
- **Wat het met die 2de huisouerpaar van Magrietjie gebeur?**



**Redakteur: Tintswalo Mkansi**

## WIE IS DIE NUWE MAXIE INWONERS?

Na vyf jaar se inwoning in die Magrietjie hoofgebou, het die huisouers hul woonstel op vloer 2 ontruim en verhuis na Maxie gedurende Januarie van hierdie jaar. Maxie is oor Desember opgradeer met 'n nuwe kombuis en 'n lagie verf. Met Maxie nou die nuwe huisouerwoning, is die ses senior dames wat jaarliks in Maxie geakkommodeer is, na die huisouers se "ou" woonstel op vloer 2 verskuif. Ons moet erken dat besoeke by die huisouers nou baie lekkerder is want dit voel regtig of 'n mens "huis toe" gaan. Rommel (die huisouers se hond en Magrietjie se liefling) geniet nou ook sy eie stukkie grasperk. Terloops... Rommel se dieet kom ook goed aan, want dames kan nie meer net kosstukkies by hul venster vir hom op die balkon gooi nie.

## 'N SKOON OOM PAUL



'n Besoek aan die argiefkamer is opwindend, want daar is altyd iets interessant oor Magrietjie en haar prestasies te vinde. In die Perdeby van 4 Maart 1983, het Magrietjie en hul Joolvennote Boekenhout, 'n goeie daad as deel van Jool gedoen deur die skoonmaak van die standbeeld van Paul Kruger op Kerkplein. Dit is duidelik dat Paul Kruger baie beïndruk was met die skoonmaak aangesien hy voortdurend gebombardeer word deur die baie duiwe in en rondom Kerkplein. Ons weet nie hoe hy nou lyk nie, so miskien moet Magrietjie weer 'n besoek gaan aflê...

## UIT ONS SKATKIS

Martmeri Roos (HK: Kultuur Intern & Bemarking van 2009) het geskryf om Magrietjie geluk te wens met al haar prestasies in 2010. Sy sê ook: "SO bly dit gaan goed. Ek kan nooit WAG om die volgende Griet-Griet te lees nie!"
*Ed: Baie dankie Mart - hoop jy geniet hierdie Griet-Griet.*

Annerie Marais (née du Plessis), Onder-Primaria en Ienkvoog van 2002 het geskryf om te sê hoe fantasties dit is om te sien hoe Magrietjie net groei en mooier word deur die jare! Om nie te vergeet van MaerGrietjie wat net so jonk en pragtig bly nie! Sy het die hoop uitgespreek dat die 30 jaar reünie groot sal wees.
*Ed: Annerie - ons wil groot gaan in ons 30ste jaar en hoop om jou by die 30 jaar reűnie te sien!*

**Madeleen Wienand reflekteer op hul besoek aan die Spikkels (vertaalde weergawe):**



"Op 3 Februarie 2011 het ek en twee ander oud MAGRIETJIES die voorreg gehad om die 2011 Spikkels en hul energieke HK te ontmoet. Ek kan vir Roxane Ferreira en Eileen Blignaut oud noem, maar dit sou heeltemal verkeerd wees, veral al jy hul mooi en jeugdige optredes in ag neem. Vir 'n oomblik het ek gedink om hulle eertydse Magrietjies te noem, maar met inagneming van my ervaring hier by Magrietjie wat ek nou met julle gaan deel, sal dit 'n fout van reusagtige proporsies wees. Want dit blyk dat "eenkeer 'n Magrietjie, altyd 'n Magrietjie". Nadat ons met die Spikkels gepraat het, is ons bederf en vermaak deur 'n baie oortuigende massahuppel oor die aanloopbaan en laat ons eerlik wees, die meisies kan 'knikkel en skitter' met die beste van die beste. Wow! Dit het 'n miljoen herinneringe teruggebring. Hulle begroet elkeen van ons met 'n donderende refrein van "LIEFSTE Juffrou". Ten slotte het ons die huislied saam gesing.

Dit is verblydend dat, ten spyte van verskeie veranderinge in die wêreld oor die jare, die Magrietjie kultuur en praktyke nog steeds met trots en 'n borrelende vreugde gehandhaaf word. Soos dit vroue van ons klas betaam, het ons na die tyd saam met die HK-lede en huisouers gekuier. Ons het glase gevul met sjampanje geklink op Magrietjie, ...gister, vandag en môre! Hulle het ons vertel van die dinge wat hulle doen en wat hulle beplan vir Jool. Wat my hartsnare geraak het is dat hierdie jong dames nie bekommerd was op die groot bedrag geld wat hulle moes insamel nie, maar op die geluk en vreugde wat hul pogings sou bring aan die minder-bevoorregtes. Die wen van die drastoelkompetisie was ook hoog op die agenda. Hoe gelukkig was ons nie om deel te wees van hierdie nie.

Na hierdie spesiale ervaring vir beide ons asook die Magrietjies van 2011, het al drie van ons met groot glimlagte op ons gesigte en baie 'onthou jy nog' oomblikke in ons harte die perseel verlaat. "

**Tot die volgende *GrietGriet*...**